

*Towerlantern Fotografie*  
**fotografienuus**  
november 2022

*Abstrakte landskap* – Lensopening: f22; Sluiterspoed: 4/5 sekonde; Fokale lengte: 270 mm

Glo jy dat die voorbladfoto 'n landskap is? Wel, sekerlik is dit nie 'n "normale" landskapfoto nie. Wat dit wel is, is 'n abstrakte landskapfoto met inspirasie uit die natuur. Is die foto dalk 'n foto van 'n skildery? Beslis nie – die tegniese besonderhede wys dit vir jou; maar weet dit wel, skilderye van so 'n aard word beslis geskilder. Lees verderaan meer oor abstrakte landskapfotografie.

Ons weet almal ons nader die einde van 2022. Wat nog belangriker is, is om te weet dat ons Desember nader, die verjaarsdagmaand van Towerlantern Fotografie; en hierdie jaar ook, in die besonder, die 15de verjaarsdag. Lees verder ook meer hieroor.

Met die komende vakansietyd in gedagte – al sou jy selfs tuisbly – is dit 'n goeie gedagte om 'n slag al jou fotografiebesittings deur te gaan en skoon te maak. Onthou ook, moenie vergeet van jou selfoon en rekenaar (ou foto's en e-posse, onbeantwoorde notas en ander paraferalia\*) nie. As alles klink na werk, ontspan, en geniet hierdie uitgawe.

Johan

\* Hierdie woord is uit Grieks afkomstig, *parapherna*, Dit beteken oorspronklik al jou eiendom, behalwe 'n bruidskat.

**Redakteur:** Johan de Klerk

**Bladuitleg:** Fransa van [Colourcode Designs](#)

*Wil jy graag 'n bydræ lewer tot Towerlantern se nuusbrief?*

*Kontak ons gerus vir meer inligting hieroor! Towerlantern behou die reg voor om sekere artikels / foto's nie te plaas nie. Menings uitgespreek in artikels is dié van die skrywers, en nie van Towerlantern self nie. Ons ontvang ook advertensies, doen gerus navraag.*

*Towerlantern Fotografie*  
- november 2022 -

---


# voorbladfoto

Die voorbladfoto is nie my gewone foto nie – ek het met hierdie foto probeer om so bietjie buite die boks te dink en verder te gaan. Ek wil jou aanmoedig om van tyd tot tyd ook dieselfde met jou fotografie te doen.

Soos by die inleiding genoem, is die voorbladfoto wel geïnspireer deur die werklikheid (kyk na die oorspronklike foto hierby). Let op, soos dit by 'n landskapfoto moet wees, daar is 'n voorgrond, 'n middelgrond en 'n agtergrond; en ook is daar inleidende lyne.

Ons leer ons studente dat daar 'n fotografiegenre, genaamd abstrakte fotografie, is. Ons gee verderaan aandag aan hierdie saak. Hier kan genoem word dat die belangrikste aspekte van abstrakte fotografie die

klem is op kleur, vorm, tekstuur en lig. Let op hoe hierdie aspekte na vore kom in die voorbladfoto.



Wat die tegniese besonderhede betref, is die sluiterspoeë van die grootste belang. Om die foto te vereenvoudig, is doelbewuste kamerabeweging noodsaaklik en daarvoor is die sluiterspoeë van 4/5 sekonde baie belangrik. Omdat die foto in die dag geneem is, was dit noodsaaklik om 'n klein lensopening te gebruik, naamlik f22. Die fokale lengte van 270 mm is bloot net gebruik omdat die toneel ver weg was en dit nodig was om heelwat in te zoem.



## UIT TOWERLANTERN FOTOGRAFIE SE GESKIEDENIS

2022  
- 15 jaar oud -

Die jaar 2020 het gekom, ook vir Towerlantern Fotografie. En ons weet almal watter groot uitwerking die Covid-19-pandemie op alle mense en sake gehad het.

Sedertdien het ons gehoor van besighede wat tot niet gegaan het; maar gereeld, nog steeds, hoor mens ook die positiewe kant. Kunstenaars byvoorbeeld, wat gedurende die inperktyd met iets anders moes begin, en daarvan 'n sukses gemaak het.

Ons het voorheen (Fotografienuus, September 2022) melding daarvan gemaak dat Towerlantern gedurende 2016 begin het met die aanbied van aanlynklasse vir die eerstevlakkursus. Gelukkig – en met groot dankbaarheid teenoor die Here – was ons volgende twee kursusse (gevorderd en spesialis) teen die begin van 2020 ook reeds aanlyn. Alle

studente wat aan die begin van 2020 dus plaaslik klasse bygewoon het, kon toe dus naatloos aanlyn voortgaan met hul kursusse (soms dalk grommend, maar by nabaat besef almal daar was geen ander uitweg nie).



November 2022

*Towerlantern*  
LESERSGESKENK



Oorweeg die volgende moontlikhede as 'n vroeë Kersgeskenk aan 'n familielid of vriend. Ons gee gedurende November die volgende geleentheid aan lesers van Fotografienuus:

- Eerstevlak selffoonkamera-kursus (aanlyn): R400 per persoon. Normale prys R500.
- Eerstevlak gewone kamerakursus (aanlyn): R800 per persoon. Normale prys R1000.

Stuur 'n e-pos aan ons by [johan@towerlantern.co.za](mailto:johan@towerlantern.co.za) vir volledige inligting. In die kursus kan jy verwag om meer te wete te kom oor die werking van jou (selffoon)kamera en ook om meer te leer oor komposisie by foto's.

Let wel: Hierdie aanbod geld net vir November. Die kursus kan ook volgende jaar begin word, dan as 'n groepklas (aanlyn of plaaslik).

*Towerlantern Fotografie*  
- november 2022 -

# TOWERLANTERN FOTOGRAFIE *vier fees*

Towerlantern Fotografie vier gedurende die komende Desember sy 15-jarige verjaarsdag. As deel van hierdie feesvieringe gee ons fotografe die geleentheid om in die Desember-uitgawe van Fotografienuus van hul beste foto's te publiseer. Let op die volgende sake:

- Kies uit jou foto's enige 5 beste foto's (enige genre, enige tyd geneem). Ons sal 1 of 2 daaruit kies vir plasing.
- Gee 'n kort beskrywing van elke foto (nie meer as 50 woorde per foto nie).
- Sorg, in die geval van mensfoto's, dat jy toestemming kry dat jou foto's geplaas mag word.
- Gee 'n kort beskrywing van jou eie foto-geskiedenis (nie meer as 100 woorde nie).
- Stuur die foto's en teks om ons te bereik nie later nie as 22:00 op 15 November 2022.

Neem ook kennis van die volgende kleiner sake:

- Daar is geen onkoste nie.
- Die geleentheid is nie 'n kompetisie nie.
- Daar is 'n perk op die aantal fotografe van wie foto's geplaas sal word. As jy jou foto's voor of op hierdie datum stuur, kan jy wel seker wees jou foto(s) sal geplaas word.

Ons hoor graag van jou.

*Towerlantern Fotografie*  
- oktober 2022 -

# WAT IS ABSTRAKTE LANDSKAPFOTOGRAFIE?



Abstrakte fotografie behels die fotografering van treffende ontwerpe wat losgemaak is van hul omgewing sodat dit nie onmiddellik herkenbaar is nie. Die moontlikhede is eindeloos. Dink aan boombasse, wrakstukke of ou plaaswerktuie. Soos jy algaande die vermoë ontwikkel om foto's rondom jou raak te sien, sal jy ook deur oefening die vermoë ontwikkel om abstrakte foto's rondom jou raak te sien. Dit kan gedeeltes van groot landskappe wees, soos sandduine, of die kleinste toneeltjies, skaars 'n paar sentimeter van jou kamera.

Om abstrakte foto's in die werklikheid te sien en te neem, is die uitgangspunte deurgaans kleur, vorm, tekstuur en lig. Oefen jouself dus voortdurend in om hierdie sake rondom jou raak te sien.

Dit is logies dat abstrakte landskapfotografie 'n subgenre is van abstrakte fotografie met die klem op landskappe (waarvan die voorblad so 'n voorbeeld is).

Die kunsvorm abstrakte landskappe word nie net deur fotografe beoefen nie. Ook skilders, waaronder olieverfskilders, is bekend vir hul abstrakte landskapwerke. Jy word sterk aangeraai om na die skilder van die werk hierby se werkwyse te kyk. Daarna gesels ons oor moontlike kamerategnieke.



<https://5i86.short.gy/uxXBhZ>



# Hoe om abstrakte landskapfoto's te neem



Dis een ding om na abstrakte landskapfoto's te kyk, maar dit is 'n ander ding om dit self af te neem. Soos met impressionistiese fotografie bestaan daar verskillende tegnieke. Ons noem 'n paar idees uit 'n besprekingstuk, getiteld "13 Abstract landscape photography tips for mesmerizing images" van Rick Ohnsman. Ons noem die wenke slegs puntsgewys. Gaan na sy bespreking vir die volle beskrywing, met foto's.

- Soek na detail
- Gebruik die regte lens
- Wees bedag op ligspel
- Soek na lyn, fatsoen, vorm, tekstuur, kleur
- Fotografeer water(weerkaatsings)
- Gebruik 'n stadige sluiterspoed met doelbewuste beweging
- Maak dit monochroom
- Benut minimalisme

Bron: <https://5i86.short.gy/DhFLyO>



*Towerlantern Fotografie*  
- november 2022 -

## TEGNIK

Beweeg die kamera gedurende die oop sluitertyd stadig in een rigting, horisontaal of vertikaal. Neem 50 foto's en kies die beste 1 of 2. Verander kleure in naverwerking na eie smaak.

# RIGLYNE

## VIR ABSTRAKTE LANDSKAPFOTOGRAFIE

### KAMERA- INSTELLING:

Soos baie ander foto-genres is abstrakte landskapfotografie baie wyd. Ons beskryf hier hoe om 'n foto soos die voorbladfoto te neem. Ons neem aan jy het 'n laatmiddag oop landskap met relatief min detail. Indien nodig, zoem in om so 'n toneel te kry. Gebruik 'n driepoot.

### TIPE LENS

Enige lens is goed, vir 'n eenvoudiger toneel is 'n zoemlens die beste. Die voorbladfoto is met 'n 70-300 mm lens geneem.

### FORMAAT

Landskapformaat sal die eerste keuse wees.

### ISO

Aangesien die sluiterspoed stadig moet wees, is die laagste ISO-waarde, byvoorbeeld 100, verkieslik.

### WITBALANS

Kies "sonnig" of "bewolk" vir die landskaptoneel.

### FOKUSPUNT & ROWWE FOKUSSERING

Onthou komposisie-afsprake en fokus op 'n sinvolle plek in die toneel.

### SLUITERSPOED

Stel die sluiterspoed op 0,8 tot 1 sekonde.

### LENSOPENING

Stel die lensopening om met die liniaal 'n "korrekte" stelling te kry (byvoorbeeld f22 of f32).

### FYN FOKUSSERING

Verdere fokussering is nie nodig nie.



# MENING GEVRA:

## Abstrakte kuns

Aangesien ons hooftema in hierdie uitgawe van *Fotografienuus* abstrakte landskappe is, wil ons graag hoor wat jou mening oor hierdie saak is. Hieronder verskyn twee abstrakte landskapskilderye en twee abstrakte landskapfoto's. Stuur vir ons 'n kort nota en gee jou gevoel hieroor.



Nikolina Car Jergovic

<https://5i86.short.gy/OPYlwf>



Doug Eaton

<https://5i86.short.gy/3K00qR>




Lynne Douglas

<https://5i86.short.gy/x98kG7>



Mark Rothko

<https://5i86.short.gy/4r1mmC>



# ONS STERREHEMEL IN FOKUS

## EKSOPLANETE

Wat op dees aarde is eksoplanete? Die antwoord is: Dit is planete buite ons sonnestelsel, dié sonnestelsel waarvan die aarde en planete lede is. Anders gesê: Dit is planete in ander sonnestelsels.

Hoekom is sulke planete van belang? Een rede is dat as daar gesoek word na lewe elders in die heelal, dan moet dit op 'n planeet wees; meer nog, dit moet op 'n bewoonbare planeet wees.

Wetenskaplik gesien, het dit dus sin om na eksoplanete te soek. Teen 1 Oktober 2022 was daar reeds 5197 bevestigde eksoplanete in 3833 planeetstelsels geïdentifiseer (Wikipedia: *Lists of exoplanets*).

Om enigsins bewoonbaar te wees, moet 'n planeet aan die volgende kriteria voldoen:

- **Regte temperatuur:** Nie te na, nie te ver van 'n ster nie.
- **Betroubare son:** Lank genoeg vir ontwikkeling van lewe.
- **Omwenteling en helling:** Dag/nag en seisoene is nodig.
- **Gesmelte kern:** Magneetveld vir beskerming teen straling.
- **Oppervlaktwater:** Water, of iets anders, is nodig vir lewe.
- **Chemiese elemente:** Vir lewe is sekere elemente nodig.
- **Atmosfeer:** 'n Digte atmosfeer is nodig vir beskerming.
- **Voldoende massa:** Is nodig om 'n atmosfeer te behou.

Dink mooi daarvoor: Die aarde, en slegs die aarde in ons sonnestelsel, voldoen aan al 8 hierdie vereistes.

# OP INTERNET GESIEN

Hierdie treffende foto is geneem deur Elsa Hoffmann, en ons het dit raakgeloop op Facebook – Snakes of Southern Africa. Let op na die goeie komposisie:

- Die fokuspunt (die slang) is op 'n derdelyn geplaas.
- Die agtergrond is nie te besig om die aandag af te trek nie.
- Die kleure is treffend en kontrasteer duidelik.
- Die slang kyk “binnetoe” (nie uit die foto uit nie).

Dié Kaapse Kobra is in die Kgalagadi afgeneem. 'n Kaapse Kobra (ook bekend as geelslang of koperkapel) kan tot 2,3 meter lank word.



Ons het hierdie foto raakgeloop op SA Photography. Die fotograaf, Gerry Pelsler, sê hieroor: “Great photos do not just happen when you click a shutter. They take literally days of planning and hours of preparation. The biggest challenge was getting the right team to fulfill the vision. Good images take ‘work’ and ‘thought.’”

Onthou dit, en hou aan om jou fotografie-talent te beoefen. Moenie moed verloor nie – jy sal die vrugte pluk!

# GAAN OP REIS

*saam met Towerlantern*



*Suid-Alpe, Nieu-Seeland (Britannica)*



# GAAN OP REIS

*saam met Towerlantern*

Weens die televisieverhaal, *Heidi*, weet almal van die Alpe in Europa. Miskien sal almal nie so vinnig kan sê in watter Europese lande die Alpe is nie. Vir die wete (in alfabetiese volgorde): Duitsland, Frankryk, Italië, Liechtenstein, Monaco, Oostenryk, Slowenië en Switserland (Wikipedia, Alpe).

Wat waarskynlik aan nog minder lesers bekend is, is dat daar ook in Australië en Nieu-Seeland bergreekse is met die naam *Alpe*. In Nieu-Seeland staan dit spesifiek bekend as die Nieu-Seelandse Alpe of ook Suid-Alpe.

Ons wil jou op hierdie reis na die Suid-Alpe neem. Dié Alpe is 'n bergreeks wat oor die grootste deel van Nieu-Seeland se Suideiland strek. Hierdie Alpe stem om verskeie redes ooreen met die Europese Alpe (daarom is die naam "Alpe" wel gepas). Die Suid-Alpe bereik byvoorbeeld hoogtes soos die Oos-Alpe in Europa en is gedeeltelik met ys bedek. Ook is daar kenmerkende bergpieke met goed onderskeibare piekvorme.

Vir 'n fotograaf is daar baie moontlikhede vir besondere foto's wanneer die Suid-Alpe besoek word. Een uitstaande besoekpunt is die Franz Josef-gletser (sien die reisbrosjyre hierna). Om jou lus te maak, kyk na die brosjyre en veral die helikopterritte. Die pryse is hoog, maar bederf jouself en gaan per youtube op 'n virtuele reis.

Begin sommer met <https://5i86.short.gy/U33wyg>



Bronne:

<https://af.wikipedia.org/wiki/Alpe>

[https://af.wikipedia.org/wiki/Nieu-Seelandse\\_Alpe](https://af.wikipedia.org/wiki/Nieu-Seelandse_Alpe)



Franz Josef-gletser (Wikipedia)



Brosjyre: <https://5i86.short.gy/ET61CC>



*Towerlantern Fotografie*  
- november 2022 -



# 'N PASSIE VIR *Passe*

## PIEKENIERSKLOOFPAS

In die Oktober-uitgawe van *Fotografienuus* het ons gesels oor bergpasse in Suid-Afrika. Is daar besondere passe naby jou? Vertel vir ons hul storie en deel met ons jou foto's daarvan. Dit is presies wat Lydia le Roux van Eendekuil gedoen het.

Die Piekenierskloofpas is op die N7, tussen Piketberg / Eendekuil en Citrusdal, hoofroete na die Noorde en Namibië.

Gedurende die helfte van 1800, het Thomas Bain die oorspronklike pas deur die Olifantrivierberge gebou, op die grens van die Swartland en die NoordKaap. Thomas Bain vernoem die pas na Sir George Grey: Grey's Pass.

Die pas is 'n entjie hoër op teen die berg herbou in 1959, en die naam word verander na Piekenierskloof. Dit is 519 meter bo seespieël en min of meer 15 km lank, na eie skatting.

Redelik onlangs – in terme van eeue – is die hele pas opgegradeer en plek-plek wyer gemaak sodat daar 'n verbygaanlaan vir vinniger voertuie kan wees. Hierdie pas is 'n werkende pas – vir groot vragmotors uit die Kaap op pad na die noorde en weer terug, vir plaaslike boere wat onder andere hul graan lewer by die silo's in Citrusdal, vir haastige motoriste gedurende naweke en vakansie. En dan ook vir ons plaaslike inwoners wat sit en tande kners agter die staaadige trekkers of boordenstoe volgelaaide bakkies, waar verbygaan onmoontlik is.



*Groen winteruitsig (bo) en vaal someruitsig (onder) vanaf Piekenierskloofpas*

Die beste deel van die pas is waar Kardoësie geleë is, net so voor die afgang na Citrusdal. Om daar in te draai, selfs al is jou tyd min, is sterk aan te beveel!

My foto's is aan die opdraande kant geneem, op pad na Citrusdal. Daar is ongelukkig nie meer 'n veilige uitspanplek om foto's te neem nie.

Bron: Enkele feite uit *Mountain passes of South Africa* by <https://5i86.short.gy/pPGHlv> asook mondelinge vertellings.



Gaan virtueel per motor op 'n youtube-reis deur Piekenierskloofpas. En omdat jy 'n passasier is, benut jou kamera op dié reis.


<https://youtu.be/ZjD3oXV4hkM>



# 'N PASSIE VIR *Passe*

Lydia le Roux skryf: Ons bly onderkant die berg, teen die berge aan die einde van die Rhenosterhoekpad.

Daar word vertel van Simon van der Stel wat glo 'n ekspedisie onderneem het na die Noorde, en met hul wæns en osse via Rhenosterhoek oor die berg probeer deurkom het. Daarby word ook vertel van 'n onderonsie met 'n kwaai renoster...



# NUUS

vanaf  
*Towerlantern*

## Huidige en toekomstige kursusse

Na die inperktyd kon Towerlantern gedurende 2022 weer volstoom aan die gang kom met plaaslike en aanlynklasse (gewoonlik gekombineerd). Die klasse was wel kleiner as waaraan ons in die verlede gewoond was, maar ons is gelukkig met wat gedoen kon word. Ons kon twee kursusse op eerste vlak aanbied en een elk op gevorderde en spesialis-vlak. Ons ander aanbieding vir oud-studente en ander belangstellendes, Fotovriende, kon ook steeds voortgaan.

Vir die nuwe jaar beplan ons om DV dieselfde kursusse weer aan te bied. Slyp dus jou tande vir enige hiervan, soos hierbo genoem. Hou hierdie en verdere uitgawes van Fotografienuus dop vir spesiale aanbiedings.

## Vanjaar en vorige jare se foto-uitstalling

'n Groot saak wat vir Towerlantern na aan die hart lê, en sekerlik vir baie van ons lesers ook, is ons jaarlikse foto-uitstallings. As jy lus voel, gaan kyk gerus weer na vanjaar se uitstalling of dié van die afgelope twee jaar:

- 2020: <https://youtu.be/mfCJWGmFlpA>
- 2021: <https://youtu.be/tD67EVYZCzg>
- 2022: <https://youtu.be/qgOdRDOqYg8>



Sluit aan by *Fotovriende* en kry maandeliks 'n foto-opdrag, soos die volgende van die afgelope jaar:

- Sluiterspoed-speletjies
- Toe-en-nou-fotografie
- My fotografie-lewe
- Fotografeer die wind
- Fotografeer tekstuur
- Abstrakte landskapfotografie


# FOTO- *idees*

Idee 1: Neem abstracte foto's veroorzaak deur ligte.

*TowerLantern Fotografie*  
- november 2022 -

# FOTO- *idees*

Idee 2: Neem twee foto's: (a) skerp en realisties en (b) abstrak deur middel van ontfokussering.



*Towerlantern Fotografie*  
- november 2022 -

# FOTO- *idees*

Idee 3: Neem in jou tuin teen die son in foto's om met die bokeh-effek abstrakte foto's te kry.

# FOTO- *idees*

Idee 4: Gebruik 'n groot lensopening en naby-fokussing om 'n foto te kry wat grootliks abstrak is.

# FOTO- *idees*

Idee 5: Neem landskapfoto's en verwerk dit om 'n kleurvolle abstrakte landskapfoto te kry.